

Woensdag 12 November

Skrifgedeelte: Galasiërs 4:1-7

Fokusgedeelte: Galasiërs 4:6

Bid tot jou Vader onder leiding van die Heilige Gees!

God het sy geliefde Seun op die spesifieke tyd soos deur Hom bepaal na hierdie wêreld gestuur, sodat elkeen wat in sy Seun glo, sy kinders en erfename kan wees. As kinders van God het ons bepaalde voorregte en ook verantwoordelikhede. Een so 'n voorreg en verantwoordelikheid is om met ons hemelse Vader te praat en tot Hom te bid. In ons fokusvers word genoem dat die Heilige Gees so in ons harte werk dat Hy in ons roep *Abba*, wat beteken Vader. Die woord *Abba* is 'n Aramese woord wat kinders gebruik het om hulle pa aan te spreek. Dit dui op vrymoedigheid, respek, liefde en nabyheid.

Hoe wonderlik is dit dat ons God *Abba*, Vader, kan noem. En ons doen dit onder leiding en deur die kragtige inwerking van die Heilige Gees. Deur die werking van die Heilige Gees nader ons met vrymoedigheid, met respek en eerbied, met harte vol liefde tot ons hemelse Vader. Onder leiding van die Heilige Gees bid ons eerlik en vanuit oregte harte tot God, stort ons ons harte vol lof en dank en met al ons smekinge by ons hemelse Vader uit.

Dit is opvallend dat ná die uitstorting van die Heilige Gees een van vier dinge wat in Handelinge 2:42 genoem word waarop die gelowiges hulle heelhartig toegelê het, gebede was. Vervulling met die Heilige Gees lei tot 'n aktiewe en toegewyde gebedslewe. Satan, ons groot teenstander, wil tog so graag hê dat ons hierdie deel van ons verhouding met die Here afskeep, dat ons minder en minder in ons lewens bid. Laat ons hom weerstaan en met volharding, vreugde en vrymoedigheid bid tot ons hemelse Vader onder leiding van die Heilige Gees (vgl. Ef. 6:18).

Sing: Psalm 33-1:11

Ds. L du P (Wicus) van der Vyver (Silverton)